# 13 Februarie 2020 - Lesing 1 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die profesieë deur Vader gegee aan Bertha Dudde, n Duitse vrou uit die Stam van Juda**

## DIE LAASTE UUR VAN DIE AARDE

*B.D. 8011 - l Januarie 1962*

......Dit sal gebeur soos wat dit tevore verkondig is. **Ek sal Self kom in die wolke** om die wat Myne is weg te neem, **voordat die vernietigingswerk aan die ou aarde sal begin.** Daar sal geen klip op die andere bly nie, want die aarde moet vernuwe word.

Daar sal `n nuwe aarde ontstaan, `n paradysagtige skepping, wat al die nog onontwikkelde geestelike substansies weer sal opneem wat vrygeraak het by die verwoesting van die ou aarde, en `n nuwe omvorming nodig sal hê om verder te kan ryp word. En hierdie nuwe aarde sal tot woning dien vir **hulle wat aan My trou sal bly tot die einde.** Want hulle het die graad van rypheid bereik wat vir hulle `n ingaan in die ligsfeer moontlik maak, **en wie daarom ook die paradys mag bewoon**. Dit sal vir hulle waarlik dieselfde salige toestand beteken asof hulle hulle liggaamlike omhulsel afgelê het, **en in My geestelike ryk ingegaan het.**

Hulle moet My as stam van die **nuwe mensegeslag (menseras)** dien. En dan kan `n nuwe verlossings-periode begin met geestelike ryp mense, wat dan ook die nog gekluisterde geestelike substansies in hulle omgewing tot `n snelle rypwording sal help. Hulle sal deur die liefde so innig met My verbind wees dat hulle daardeur hulle kinders en kindskinders weer tot liefde sal kan opvoed, en sal kan getuig van die glansrykheid van hulle Elohim en Skepper. En so kan die verlossing uit die vorm vinniger plaasvind, omdat Ek in JaHshua lewend onder hulle sal kan vertoef.

Omdat alle mense wat dan die nuwe aarde bewoon, hulleself sal toevertrou aan hulle Elohimdelike Heiland en Verlosser, JaHshua en in die bewussyn van hulle oerskuld bewustelik die weg tot Hom gaan, waar alle weerstand dan gebroke is. Want elke mens kom dan bewustelik die weg terug na My toe, sodat Ek Self by hom kan vertoef, waar sy grote liefde dit vir My sal toelaat.

**Dit is dus die duisendjarige ryk** waar die oorwinning oor Satan sigbaar sal wees, want hy kan en sal geen mens meer kan bedreig nie, omdat elkeen homself volkome van hom vrygemaak het, en wat die terugkeer tot My volbring het. Hy (Satan) het dan geen toegang meer tot My ryk nie, totdat hierdie salige tyd langsaam weer sal verander en die mense weer `n neiging sal toon tot die materie. Daardeur sal My teenstander (wat heer is oor die materie) se kettings weer verbreek word en sy invloed sal weer merkbaar word.

Maar voordat hierdie tyd aanbreek, sal baie van die vergeestelikte **as heeltemal verlos My ryk ingegaan**, en Ek het `n goeie oes kon inbring. En dan begin daar ook weer die stryd met My teenstander oor die siele, maar Ek sal Oorwinnaar wees. Steeds weer sal Ek siele van hom ontworstel, en sy toestand, waarin hy sy krag sien, verklein.....

# 14 Februarie 2020 - Lesing 2 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die profesieë deur Vader gegee aan Bertha Dudde, n Duitse vrou uit die Stam van Juda**

## OOR DIE LAASTE OORDEEL EN DIE NUWE AARDE

*B.D.7425 - 1O Oktober 1959*

U kan uself nie voorstel op watter wyse die laaste oordeel sal plaasvind nie, maar laat dit vir u genoeg wees om te weet, dat dit sekerlik `n werk van korte duur sal wees; en dat alles aan hierdie vernietigingskrag ten offer sal val, en julle geen tyd meer sal hê om julle gedagtes en strewes te verander nie. Alles sal in so `n haas gebeur, dat julle geen tyd meer sal hê om na te dink nie. Julle sal in die kortste moontlike tyd gevonnis word, dit wil sê, ten lewe of ten dode kom in `n versekerde kort tyd. Almal wat aan My trou sal bly tot die einde toe, **sal weggeneem word**. Wie nie getrou was nie, sal verslind word deur die aarde, wat `n hernude kluistering in die harde materie vir die siel beteken.

Slegs die mense waarin daar nog **`n klein vonkie van geloof in Elohim is, sal in die laaste oomblik die krag hê om My aan te roep**, en nog gered word en van die hernude kluistering gespaar bly. **Ofskoon hulle nie tot die skare behoort wat weggevoer sal word nie**, sal `n ligter lot tog hulle deel wees, omdat hulle `n nuwe beliggaming as mens toegestaan sal word waarin hulle hulself dan moet en kan bewys. Want die tyd op die nuwe aarde sal vry wees van versoekinge deur My teenstander, wat vir `n lang tyd gebonde sal wees, netsoos wat dit geskrywe staan

En dit is `n ongewone daad van barmhartigheid, maar waarop tog selde aanspraak gemaak sal word. Want die mensdom sal aan die einde van die dae heeltemal onderwerp wees aan My teenstander. Selde sal `n mens homself nog van sy kettings in die aangesig van die laaste oordeel losmaak, wat vreeslik sal wees. Want alle mense sal teenoor `n ontsettende liggaamlike dood te staan kom, maar voordat hulle baie sal kan nadink sal dit reeds geskied het.

En die wat Myne is, sal getuies wees van hierdie gebeurtenisse, omdat dit My wil is dat hulle My mag en heerlikheid, maar ook My regverdigheid en toorn teen die sondaars leer ken, sodat hulle daarvan sal getuig solank as wat hulle lewe, want hulle sal die stam vorm van die geslag op die nuwe aarde.

**Die gebeurtenis van die wegneming is ook heeltemal nie voor te stel nie**, omdat dit op `n wyse, buite die wet gebeur en so iets is ook nog nooit op aarde meegemaak nie, naamlik dat mense opgeneem word en in lewende lywe weggevoer word nie. **Ek verplaas hulle dan ongedeerd in `n paradysagtige landskap**, waarvandaan hulle dan weer na die nuwe aarde gebring sal word, sodra dit volgens My wil gevorm is.

Ek sal geen lang tyd daarvoor nodig hê nie, want al die geeste wag met ongeduld op die inlywing in die nuwe skepping, behorende by hulle graad van rypheid, om hulle ontwikkelingsweg voort te sit. Die aksie van die skep van die nuwe aarde sal nie deur die menslike oog gesien word nie, en daardeur is dit ook nie nodig om vanweë die mense `n bepaalde tydsduur in ag te neem nie. En aan die mense wat weggevoer sal wees, ontbreek dit aan elkeen se tydsbewussyn, sodat hulle nie in staat sal wees om te beoordeel in welke tydruimte die nuwe aarde ontstaan het nie.

Maar My Mag is onbegrens en sal homself openbaar by die skep van die nuwe aarde. Hulle sal nuwe skeppings te siene kry waarvan julle mense vir julleself geen voorstelling kan maak nie, wat egter diegene onmeetlik salig sal maak wat op hierdie aarde sal lewe. **Dit sal waarlik `n paradys op aarde wees**, want die wat Myne is, was My trou in die geloofstryd en sal ook hulle loon daarvoor ontvang....

## 15 Februarie 2020 - Lesing 3 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die profesieë deur Vader gegee aan Bertha Dudde, n Duitse vrou uit die Stam van Juda**

### DIE OMVORMING VAN DIE AARDE

*B.D.7297 - 2 Maart 1959*

Hierdie vernietiging aan die einde is dieselfde as die vernietigende einde van die ou aarde - ofskoon die hemelliggaam as sodanig sal bly bestaan, maar omdat daar wel **`n totale omvorming van haar uiterlike vorm sal plaasvind**. En daarom kan en moet ook met reg op `n einde gewys word wat nie net `n einde is van alle beskawing nie, maar `n einde beteken van alles wat bestaan, dus van elke skeppingswerk op hierdie aarde.

En dan begin daar weer `n nuwe tydperk, want die hele aardoppervlakte sal Ek weer opnuut laat herlewe met wonderbaarlike skeppings en waaraan die menslike oog homself weer kan verlustig.

Want Ek sal aan al die nuwe skeppings **die wonderlikste vorm gee** en die grootste verskeidenheid van lewende wesens sal Ek die mense, wat hierdie nuwe aarde weer bewoon, as geselskap gee, en dit sal Ek hulle Self gee in liefde, wysheid en mag. **Want Ek vorm vir My die stam van `n nuwe mensegeslag (menseras) uit hulle** wat Ek vir `n tyd van die ou aarde kon wegneem, wat My trou gebly het en wat Ek daarom uitgekies het vir **die nuwe generasie**, waaruit mense kan voortkom wat volgens My wil wil lewe en by wie Ek Self kan vertoef kragtens hulle geloof en hulle liefde.

Dit sal `n paradysagtige bestaan wees, want alle nuwe skeppings sal die mense in `n ongekende mate met vreugde vervul. Die mense sal waarlik `n paradys bewoon, `n aarde, **wat nie meer met die ou aarde vergelyk kan word nie**. Want sy sal slegs nog deur geestelik ryp mense bewoon word, hulle wat `n graad van saligheid, wat nie tevore op aarde geken was nie, kan ontvang. Want die rede dat `n reiniging van die ou aarde moes plaasvind, **was dat die mense aan Satan behoort het.**

En weer sal Ek `n skeppingsdaad verrig, want Ek sal weer `n nuwe aarde laat ontstaan. `n Woonplek vir My klein kudde, vir My uitverkorenes. Hulle sal nou in vrede en vryheid, in vreugde en saligheid en in lig en krag in die paradys, waar geen leed en pyn meer is nie, `n totaal nuwe lewe kan ly. **Want die veroorsaker van al die kwaad is gekluister en sal vir lank nie die mense meer kwel nie.**

`n Aardse periode sal dan ten einde loop en dan begin daar `n nuwe periode, wat die tallose geestelike, wat nog gekluister is, omhoog sal lei om die uiteindelike doel, naamlik die vereniging met My as My kind, te bereik. En julle staan as mense voor hierdie gebeure, want die tyd wat vir julle gestel was om vry te raak uit die vorm, het in vervulling gegaan.

### DIE REINIGING VAN DIE AARDE

*B.D.7179 - 7 Julie 1958*

Daarom sal Ek `n grondige reiniging teweegbring. Alles op aarde wat iets geestelik in homself berg, sal Ek oplos en Ek laat `n nuwe aarde, met `n geheel nuwe skepping ontstaan, sodat dit weer deur die geestelike betrek kan word vir hulle verdere ontwikkeling. En Ek bevolk die aarde slegs met mense wie se graad van ontwikkeling sodanig is, sodat hulle `n salige lewe in die paradys kan hê. Dus met mense wat in die laaste stryd op hierdie aarde was, wie aan My trou gebly het, en wat Ek daarom **as stam van die nuwe mensegeslag (menseras)** op die nuwe aarde bymekaarmaak.

Elke nuwe skeppingsperiode begin met `n geestelik ontwikkelde geslag, wat dan weer op die navolgende geslagte moet inwerk om met hulp ook deels die weg boontoe te toon, om hulle na hulle voleinding te help.

En omdat My teenstander nou gebind sal wees, sal die mense aanvanklik nie meer deur hom bedreig word nie. Dit sal daarom vir `n lang tyd `n paradysagtige toestand bly waarin al die geskapenes, mense en diere, in harmonie en vrede sal saamlewe, waarin die liefde die mense tot `n voortdurende verbinding met My sal dryf, en waarin Ek sodoende by hulle teenwoordig sal kan wees. En die mense sal die ewige heil deelagtig wees totdat daar weer `n tyd sal kom dat die verbinding sal verslap en waarin die materie weer haar aantrekkingskrag sal uitoefen en **die mense deur hulle begeertes die kettings van My teenstander weer sal losmaak** sonder dat Ek hulle sal verhinder. Want die beproewing van die vrye wil, van die wat voorheen heeltemal tot My bekeer was, sal dan weer nodig wees.

**Boodskap van Elohim aan Apostel Michael Howard**

'N Oorblyfsel van die Boerevolk sal gered en verlos word. Die onberouvolle, ongehoorsame en opstandige sal ongelukkig saam met die res van Suid-Afrika geoordeel word wanneer die oordeel gevel word.

Suid-Afrika sal in totale wanorde en anargie verval, plundering, brandstigting en bloedvergieting sal plaasvind op 'n ongekende skaal soos wat nog nooit tevore gesien is nie. Slegs die gehoorsame en getroue oorblyfsel sal veilig wees, omdat Elohim **'n 'ark' van veiligheid vir hulle voorberei.** Ek weet dit klink vir baie soos 'n langspeelplaat wat vassteek, maar dit moet gesê word.

Wees gereed omdat die oproep sal uitgaan en vra nie waarom, wie of hoe nie, maar gehoorsaam net wanneer die oproep om na hierdie **"ark" van veiligheid** te gaan, tesame met die **presiese ligging**.

Die nag van die lang messe is op pad en julle sal nie ontsnap as julle nie gehoor gee aan hierdie oproep om na veiligheid te beweeg nie. Hierdie is nie 'n bangmaakstorie nie, dit is 'n feit dat dit gaan gebeur.

Of julle dit nou ookal glo of nie, dit gaan gebeur. Suid-Afrika gaan onregeerbaar word namate anargie in daardie tyd gaan toeneem. Gehoorsaamheid is die sleutel. Baie sê dat Elohim hulle sal beskerm waar hulle is. Nee, as jy ongehoorsaam is, is dit rebellie. As enigeen van Noag se familie besluit het om buite die ark te bly, sou hulle saam met die res geoordeel gewees en verdrink het. Elohim alleen weet wat die beste is, moet dus nie in die vlees wandel nie, maar wandel in die Gees, sodat jy nie die begeertes van die vlees agternaloop nie.

Bekeer jou en draai na Elohim met jou hele hart, siel en wese. Elohim is op Sy troon en Hy het Sy volk, Sy oorblyfsel lief en Hy sal 'n beskermingsmiddel bied deur hierdie '**ark van beskerming'**, **wat 'n spesifieke geografiese ligging is wat Elohim voorsien het**.

Die ANC regering sal die land uitvlug en Suid-Afrika sal onregeerbaar word en die massas sal wild raak en sal enigiets in sig verwoes en die ekonomie sal ineenstort. Die oorblyfsel in die **'ark' van veiligheid** sal selfvoorsienend wees, want Elohim maak ons voorspoedig, terwyl SA totaal ineenstort. Hierdie dinge kom mense, dit is geen grap nie. Dit is 'n baie ernstige saak.

Elohim sal die vermoë bied om self volhoubaar te wees vir sy Boere-oorblyfsel. Alles wat gaan gebeur, het ten doel om sy oorblyfsel deur berou na Hom toe terug te bring sodat hulle Hom met hul hele hart kan dien.

Baie mense wat ly en wat verlore is en wat in die blanke plakkerskampe woon, sal hulle bevryding sien. Kibboetse en plase sal gekoop en opgebou word, en hulle sal die kibboetse en plase bewerk om sodoende voorsiening maak vir hul onderhoud. Beesplase, skaapplase, melkerye, wildplase, hoenderplase, saaiplase, ens. sal in al die behoeftes voorsien en nog baie meer.

Sekuriteitsmense sal opgelei en ontplooi word vir veiligheid en beskerming op die plase en kibboetse. Vir diegene wat nie werk nie, sal werksgeleenthede in die verskillende besighede voorsien word en akkommodasie sal beskikbaar gestel word. Die "ark" sal hul eie elektrisiteit, water, ens. voorsien. Hierna, wanneer die grond deur die Boerevolk opgeëis en teruggevat word en hulle **een volk onder Elohim word**, sal buitelandse Christene in groot getalle hierheen stroom, want ons sal die **enigste ware Christelike land wees, soos wat Siener voorspel het.**

Baie meer dinge gaan dan wêreldwyd plaasvind. Daar sal wêreldwye chaos wees. Maar vir nou, - maak gereed, dit gaan binnekort gebeur en behou die geloof en bid vir die oorblyfsel. Vertrou geheel en al op Elohim, bestudeer Sy Woord en wees gehoorsaam wanneer daardie oproep uitgaan. Elohim is in beheer.

# 17 Februarie 2020 - Lesing 4 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die profesieë deur Vader gegee aan Bertha Dudde, n Duitse vrou uit die Stam van Juda**

## DIE OMVORMING VAN DIE AARDE
## NUWE AARDE

*B.D.7520 - 11 Februarie 1960*

Geen skeppingswerk op aarde sal die groot omwenteling ontsnap nie en alles sal daarin betrek word, beginnend by die harde materie, die plante en diereryk tot en met die mens. Alles sal getref word deur `n vernietigingswerk wat alles wat ooit op hierdie aarde voorgeval het, oortref. Want alles sal vernietig word, sodat daar waarlik daarna, wanneer die werk van die omvorming van die aarde voltooi is, van `n nuwe aarde gepraat sal kan word.

Al die gekluisterde geestelike raak eers vry van die vorm. Hulle sal egter nie die vryheid lank kan geniet nie want hulle word weer in die nuwe skepping gebind, ooreenkomstig die geestelike graad van rypheid in die bepaalde tyd. En daarom kan die nuwe skepping ook binne `n baie kort tydjie ontstaan. Dit het geen lang ontwikkelingsweg nodig nie, omdat daar vir alle skeppings, ook rypgeworde geestelike substansies voorhande is wat daaraan beantwoord, en daar dus slegs `n ander vorm nodig is sodat die ontwikkeling kan voortgaan op die nuwe aarde. En hierdie skepping is so veelsydig, dat `n groter vooruitgang waarlik bereik sal kan word in `n korter tyd as op die ou aarde. Want die geestelike sal nie soveel weerstand ondervind soos wat dit in die laaste tyd die geval was nie, veral wanneer die hinderlike invloed van bose kragte oral te bemerk is.

Die werk van omvorming sal homself dus binne `n kort tydjie voltrek, maar geen mens sal daarvan bewus wees nie. Want hulle wat weggeneem is, word na die nuut gevormde aarde gebring, maar kan self nie beoordeel hoe lank hulle van die aarde weg was nie, omdat elke tydsbegrip by hulle ontbreek. Maar niks sal in die ou vorm bly bestaan nie. Selfs die mense sal nie meer van hulle aardse kleed (liggaam) so veel las ondervind nie, **want dit sal as`t ware reeds `n vergeestelikte vorm wees wat hulle sal omhul**, ofskoon dit nog aardse materiële substansie sal wees. Ook sal hulle geen liggaamlike swakheid en ongemak ondervind nie en sal hulle die lewe op die nuwe aarde kan belewe in `n toestand wat waarlik paradys genoem kan word.

En hierdie toestand sal aanhou solank die mense innig aan Elohim verbonde bly, solank hulle die direkte verbinding met die ligwêreld en haar bewoners het en in alles volgens Elohim se wil sal lewe.

Na verloop van tyd sal daar weer `n verandering intree, wanneer die vors van die duisternis weer mag verkry oor die mense. Maar voor dit sal daar nog `n lang tyd verloop, want die eerste geslag sal so volkome met Elohim verbind wees, vir Wie hulle in Sy mag en glansrykheid sal leer ken, dat hulle aan Hom trou sal bly en hulle lewe in Sy liefde en barmhartigheid sal deurbring. En daarom sal die invloed van die mense uiters gunstig op alle skepsele wees.

Die liefde van die mense sal die **geestelike in al die skeppingswerk bespeur** en hulle sal daardeur vinniger verder ontwikkel; hoe meer liefde hulle gaan ondervind, hoe vinniger sal ook sy innerlike weerstand ophou in `n omgewing wat met liefde vervul is. Helle sal bereidwillig wees om diensbaar te raak en sal dan dikwels baie vinnig `n vorm verlaat om die volgende hoëre een te kan betrek, sodat die weg van ontwikkeling aansienlik verkort sal word, gemeet aan die vorige tyd op die ou aarde.

En al hierdie omvormingswerk, terwille van die geestelike wat nog in die vorm gekluister is, sal die mense tot die besef laat kom van Elohim se liefde, want nie net die mens het die hulp van Elohim nodig nie, maar elke skepsel smag na verlossing. Die mens het egter die moontlikheid om homself totaal vry te maak uit die vorm gedurende die aardse lewe. En as Hy weer faal is dit sy eie skuld, want dan het hy opnuut sy vrye wil misbruik en sal nou ook die gevolge op homself moet neem. Want nou val slegs dit hom ten deel wat hy altyd self gedurende die aardse lewe nagestreef het, **naamlik die materie waarna sy begeerte slegs was** en dit sal nou ook sy uiterlike vorm word. AMEN

## NUWE WONDERS IN DIE SKEPPING VAN DIE NUWE AARDE

*B.D.3264 - 22 September 1944*

En daarom sal die eerste mense op die nuwe aarde **wonder op wonder** belewe. Dit sal `n diep indruk op hulle maak, sodat die liefde tot Elohim in hulle steeds groter sal word, omdat hulle deur hierdie liefde hulleself steeds inniger met Hom sal verbind en in Sy barmhartigheid sal lewe. Maar vir hulle sal die wonders ook verstaanbaar wees. Hulle sal weet dat dit tekens is van Elohim se oorgrote liefde, Wie al die geestelike wil wen vir HOMSELF, en aan hulle elke moontlikheid wil bied om hulle wil te verander. En vir `n lang tyd sal dit so bly, totdat alles, wat van die begin af nog gebind was in die plante en dierewêreld, die **stadium van beliggaming as mens bereik het**.

Daarna sal die kennis van die wonderlike in die Elohimdelike skepping al hoe meer by die mense verdwyn. Die hunkering na die materie sal weer die oorhand kry, en daardeur sal die invloed van Satan weer sterker word deur die eie begeerte na die onrype geestelike wat in homself geberg word.

# 19 Februarie 2020 - Lesing 5 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die profesieë deur Vader gegee aan Bertha Dudde, n Duitse vrou uit die Stam van Juda**

## PARADYSAGTIGE TOESTAND OP DIE NUWE AARDE

*B.D.8352 – 10 Desember 1962*

En weer sal daar `n verlossingsperiode begin wat aanvanklik baie mensesiele tot rypwording sal bring, omdat My teenstander gekluister is. Hy kan hierdie siele nie meer lastig val nie, omdat hulle alle weerstand vrywilliglik opgegee het, dus **reeds Myne geword het** en alleen ter wille van die navolgende geslagte, nog op aarde lewe. **Want hulle moet getuig van My mag en heerlikheid.** Hulle moet uit eie ervaring kan praat oor die toestand op die ou aarde, en ook aan hulle nakomelinge, **die liefde tot My predik.** En ook hulle kinders en kindskinders sal vervul wees met liefde, en hulle siele sal nie meer ver van hulle oertoestand wees nie. Want in reine onselfsugtige **liefde sal hulle verwek wees**, omdat My teenstander geen invloed sal hê op die mense wat die nuwe aarde gaan bewoon nie.

Die liefde is egter `n krag wat waarlik die rypwording van die siele kan bespoedig. Dit mag ook die geestelike, wat nog gebonde is, help met die verlaat van die vorm, en ook dit sal hulle weerstand verswak en hulself opwaarts volgens My wil ontwikkel. Hierdie toestand sal `n lang tyd duur, en in die tyd sal baie van die eens gevalle geestelike as voltooide na My toe terugkeer. En in die tyd sal Ek baie "kinders" wen en hulle, asook My saligheid, sal dan geen grense ken nie. Want Ek weet dat al die gevallenes na My toe sal terugkeer en dat My heilsplan van ewigheid nie sonder sukses sal wees nie.

Maar tog sal ook hierdie toestand op die nuwe aarde weer verander, want steeds meer en meer siele wat deur die aardse skepping gegaan het, sal hulself weer beliggaam**. Die lus na die materie sal weer te voorskyn kom,** eers sporadies en dan meer dikwels. Die verlange van die mense na **materiële goedere** sal ook weer die kettings van My teenstander ontbind, want die vrye wil van die mense stel die norm en kan nou ook deur My teenstander beïnvloed word, omdat die mense hulself nie meer teen hom verweer nie. Maar steeds weer sal My liefde ook die geestelike te hulp kom, en daar sal weer geworstel word vir hierdie siele. Maar die wil van die mense self sal beslissend wees welke meester die oorwinning sal behaal.

Want ook aan hierdie nuwe generasies, sal die kennis **van JaHshua, die Elohimdelike Verlosser** gebring word. Daardeur sal hulle nie magteloos aan My teenstander oorgelewer word nie, en sal ook vinniger hulle weerstand opgee, want hulle geloof in My as Elohim en Skepper sal nog sterk genoeg wees, en dus het My invloed, deur middel van die "stem van die gewete", nog effek.

Maar dit sal nie meer die paradysagtige lewe wees soos in die begin nie. Daar sal **innerlike gevegte** vir die mense aan die kom wees en die versoekinge van My teenstander sal nie wegbly nie. Die stryd om die bestaan sal moeiliker word, maar maklik te verdra wees vir hulle wat aan My trou sal bly en die liefde in hulleself tot ontplooiing bring.

En ook dan sal My ligbodes die mense bystaan. - Gedeeltelik tussen hulle as mense beliggaam, deels ook deur die mense geestelik te beïnvloed, hulle wat hulleself aan hom oorgegee het en steeds voortdurend met My in verbinding sal bly. En solank die liefde nog regeer, sal die mense ook vooruitgaan in hulle ontwikkeling. Solank die liefde regeer is My invloed ook sterk op die mense en is daar geen terugval in die diepte te vrese nie, want My teenstander sal vergeefs veg teen die liefde.

AMEN

***Openbaring 20:7*** *En wanneer* ***die duisend jaar voleindig*** *is, sal die Satan uit sy gevangenis* ***ontbind*** *word;*

*Rev 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die Aarde is, die* ***Gog en die Magog****, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.*

*Rev 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die Aarde en die* ***laer van die Apartes*** *en die* ***geliefde Stad*** *omsingel, en vuur het van Elohim uit die Hemele neergedaal en hulle verslind.*

*Rev 20:10 En die Satan wat hulle verlei het, is* ***in die poel van vuur en swawel gewerp*** *waar die Dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.*

# 20 Februarie 2020 - Lesing 6 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die profesieë deur Vader gegee aan Bertha Dudde, n Duitse vrou uit die Stam van Juda**

## HARMONIESE LEWE OP DIE NUWE AARDE

*B.D.8429 - 4 Maart 1963*

Op die nuwe aarde sal die mense nie meer deur leed en sorge gekwel word nie. Hulle sal sowel liggaamlik as ook geestelik geen nood ondervind nie en hulle mag hulself sorgeloos in die heerlike skepping verheug. Daar sal hulle mekaar in so `n liefde toegedaan wees, dat hulle alles uit die weg sal wil ruim wat die ander ongelukkig sou maak. En hierdie liefde sal My aanleiding gee om in die midde van die wat Myne is, te wees, hulle te onderrig en **met My aanwesigheid te verbly.**

Dit sal waarlik `n paradysagtige toestand wees, wat wel `n lang tyd sal duur, maar tog nie so onbegrens sal bly nie. Want steeds meer geestelike, wat deur die skepping gegaan het, waarvan die teenstand nog nie heeltemal gebreek is nie, sal **tot laaste beliggaming kom.** En dan sal ook die begeerte na die materiële weer oorheers en as`t ware die kettings van My teenstander verbreek. Die mense sal dan ook weer **begeer wat aan hom behoort** en so sal hulle bewys dat hulle nog met hom verbind is en sal daardeur weer in sy mag kom. En dan het die teenstander ook weer die reg om die wil van die mens te beïnvloed, en dit sal hy gebruik om die mense te oorreed tot dade wat teen My ingaan en **wat die gebied van die liefde oortree**. Sodoende verdring hulle MYSELF uit hulle aandag, terwyl My teenstander daarin na vore kom.

En weer sal die stryd begin tussen **lig en duisternis**, en die aarde sal weer dien as stasie vir rypmaking. Want nog eindeloos baie van die gekluisterde geestelike sal die weg van opwaartse ontwikkeling gaan, en vir alles is `n tyd bepaal. **Ook sal steeds weer verloste siele van die aarde heengaan na die geestelike ryk**, want die verlossingswerk van JaHshua sal nooit sonder effek bly nie. Steeds word daar deur My gesorg dat die mense kennis daaroor ontvang, want JaHshua sal altyd die Teenstander bly van die vors van die duisternis. Maar Hy sal die oorwinning behaal in langer of korter tyd, volgens die wil van die mense wat vry is en sal bly. En die menslike wil sal ook die laaste voleinding van die aardse lewe tot stand bring, omdat hulle hulleself heeltemal vir My sal oopmaak en heeltemal in My wil opgeneem wil word.
AMEN

## DIE VERLOSTE BEWONERS AAN DIE EINDE VAN DIE NUWE AARDE

*B.D.6227 - 4 April 1955*

Wanneer die vernietiging van hierdie aarde deur My wil en My mag, dit wil sê, van alles wat leef, sal plaasvind, sal gesien kan word wie waarlik verlos genoem kan word. **Want hulle alleen sal die einde oorleef en kan ingaan in My paradys op die nuwe aarde.** Want om die laaste vernietigingswerk te oorleef, is `n **volledige geloof** aan My in JaHshua nodig en **volle oorgawe** aan My, dus `n totale los wees van My teenstander. Maar daarvoor is die toestand van vryheid nodig wat JaHshua gekoop het vir die mense deur Sy dood aan die kruis. **Slegs `n wese wat deur Sy bloed verlos is,** kan die aarde bewoon waaroor Satan geen mag meer het nie; waar EKSELF onder die wat Myne is kan vertoef, omdat die toestand waarin hulle eertyds was, weer vir hulle herstel is.

Weliswaar kon mense voorheen al die verlossing deur JaHshua ervaar, **en hierdie mense sal Ek oproep van hierdie aarde voor die laaste einde gekom het**.

Hulle sal ook salige bewoners wees van My ryk, waarin geen bose mag hulle meer sal skaad of verdruk nie, omdat hulle daarvan verlos sal wees. Maar die mense wat die nuwe aarde bewoon, sal lewe in dieselfde saligheid en in volle vryheid van mag en krag. Maar tog in `n **aardse sfeer** omdat hulle die grondslag moet vorm van die **nuwe mensegeslag (menseras),** en omdat hulle die volgende geslag moet help om tot volkome verlossing te kom. Want hulle sal so lank op die aarde moet lewe totdat alles heeltemal vergeestelik het.

As klaar verlostes, kan die eerste mense op die nuwe aarde in groot mate seënryk inwerk op hulle nakomelinge, en op al die omgewende geestelike, wat nog gekluister sal wees in die skepping van die nuwe aarde. En so kan die geestelike `n vinniger weg van ontwikkeling aflê. Want die tyd moet goed benut word, omdat My teenstander in boeie geslaan is. Hy sal geen toegang hê tot die mense op die nuwe aarde nie, omdat die **krag en die lig van die verlostes so sterk sal wees** dat hy elke toenadering tot die mense belet sal word. En netsoos in die laaste tyd voor die einde sy werk en woede duidelik was en hy sy totale invloed aangewend het om die mense na die diepte te sleur, so sal die Elohimdelike invloed op die nuwe aarde oorheers. Alles sal opwaarts strewe en dit sal ook makliker gebeur, omdat geen teenstand dit kan verhinder nie, en omdat daar weer **wesens uit die verloste mensegeslag (menseras) sal voortkom wat vol liefde is;** in wie die Elohimdelike beginsel sal oorheers en wat binne `n kort tydjie volledig ryp sal word om My ligryk binne te kan gaan wanneer hulle aardse lewe beëindig word.
AMEN

# 21 Februarie 2020 - Lesing 7 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die profesieë deur Vader gegee aan Bertha Dudde, n Duitse vrou uit die Stam van Juda**

***Openbaring 21:5*** *En Hy wat op die Troon sit, het gesê:* ***KYK, EK MAAK ALLES NUUT****. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie Woorde is waar en betroubaar.*

**KYK, EK MAAK ALLE DINGE NUUT!**

*B.D.5235 - 10 Oktober 1951*

Kyk. Ek maak alles nuut! Julle mense wat nog geen insig het nie en nog nie die gees in julle opgewek het nie, julle weet nie wat hierdie woorde van My beteken nie. Julle glo nie aan `n omvorming van hierdie aarde en aan die laaste oordeel nie, aan die einde van `n ontwikkelingsperiode en die begin van `n nuwe nie. Julle weet nie van My ewige heilsplan nie en begryp daarom ook nie My woorde nie: **"Kyk, Ek maak alles nuut!".**

Elkeen van My woorde het `n veelvoudige betekenis wat My opgewektes ook nog nie ken nie, omdat hierdie kennis nog te verhewe is vir die mense op hierdie aarde. Maar vir hulle is die eenvoudige betekenis duidelik, dat Ek hulle wat hulleself buite My ordening van ewigheid begewe het, wil vernuwe. Ek wil `n verandering teweegbring omdat die mense My wette nie meer nastreef nie en daarmee hulle aardse lewensdoel verloën. Hulle het gefaal en benut hulle lewe nie vir die ewigheid nie. **Maar Ek wil hulle nie verlore laat gaan nie en sal aan hulle die geleentheid gee om die versuimde ontwikkelingsweg nogeens af te lê.** Maar nie as `n herhaling nie, maar op `n totaal nuwe wyse. Want om nog `n keer die weg van ontwikkeling te mag gaan, is `n besondere barmhartigheidsgawe, wat verwerf moet word deur `n verhoogde prestasie, **waartoe `n totale nuwe skepping die moontlikheid gee**.

Ek vernuwe dus ten eerste weer **die leerskool van die gees, <u>My aarde</u>**, wat weer die opwaartse ontwikkeling tot mens moet bevorder. Ek sal die nuwe aarde voorsien van `n totaal nuwe skepping van so `n menigvuldige aard en vorm, waaruit talryke geestelike nuwe moontlikhede geskape sal word om hulleself daarin waar te maak.

**En Ek laat `n nuwe mensegeslag (menseras) ontstaan**, uitgaande van mense wat deur My geseën is, wat hulle geestelike ontwikkeling tot My in liefde en trou voltooi het. Wat `n toestand van rypheid bereik het waardeur `n **hoë geestelike versorging moontlik is**, sodat ook die nuwe mensegeslag (menseras) alle waarborg het tot `n so hoog as moontlike **volmaaktheid**.

Maar ook die **gekluisterde geestelike** kan vinnig tot rypheid kom deur die buitengewone invloed wat die mense op die hele omringende skepping uitoefen. **Ek maak alles nuut.**

Ek vergemaklik ook die voorwaardes tot die vrywording van die geestelike, maar wyk daardeur nog nie van My wet af nie, deur uit grote erbarming en diepe liefde **My te ontferm oor die geestelike wat nog in gebondenheid leef**.

Alle kwellinge sal van die mense wegval en vol krag sal hulle omhoog strewe, omdat Ek alleen vir hulle die mees begerenswaardige sal wees, en hulle kan dan nie in die diepte getrek word deur My teenstander, wat gekluister is vir `n lang tyd nie.

**Ek skep `n nuwe Hemel en `n nuwe aarde**, dit wil sê, **geestelik en liggaamlik** maak Ek die mense, wat nou aan My behoort, gelukkig, en wat **ook vir ander**, wat na hulle kom, **die weg tot My gelykmaak**. Wie van u mense kan dit vat en wie van u mense glo vas en ongetwyfeld dat die oue sal ophou om ter bestaan?

Dat ook die mense wat van My verwyder is, nie meer daar sal wees nie. Dat maar slegs **`n klein kudde**, wat My getrou as hulle "**HERDER**" gevolg het, hulle lewe nie sal verloor nie, omdat Ek die klein kudde geseën het en bestem het om voort te lewe in die paradys op die nuwe aarde en dat **`n nuwe verlossingstydperk** sal begin volgens die heilsplan van ewigheid, deur My liefde en wysheid vasgelê om aan die geestelike `n ewige lewe te verseker.

**Kyk, Ek maak alles nuut!** - Julle wat in My glo, dink aan hierdie woorde. Oorweeg dit in jou hart en weet dat die tyd gekom het dat dit, My woord, in vervulling sal gaan. Glo vas daaraan en verwag en dra al die probleme wat jou nog beskore is tot die einde, met **geduld en toewyding aan My wil**.

Want die dag kom spoedig dat Ek die wat Myne is, sal kom haal om hulle die paradys te onthul waarvan geskrywe staan: **"`n Nuwe hemel en `n nuwe aarde** wil Ek skep en Ek Self wil te midde van die wat Myne is, vertoef, en hulle lei en onderrig soos wat Ek dit beloof het." AMEIN.

***Jesaja 65:17*** *Want kyk,* ***Ek skep nuwe Hemele en 'n nuwe Aarde,*** *en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie. 18 Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk,* ***Ek skep Jerusalem om te juig, en haar volk om bly te wees.***

*19 En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees* ***oor My volk;*** *en in haar sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie. 21 En hulle sal* ***huise bou en bewoon****, en wingerde plant en die vrug van haar eet: 22 ....want die dae van My volk sal wees soos die dae van die bome, en* ***My uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet****.*

*23 Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is uit die* ***saadlyn*** *van die wat* ***deur JaHWeH geseën is****, en hulle nakomelinge is by hulle.*

*24 En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek. 25 Die* ***wolf en die lam*** *sal saam wei, en* ***die leeu sal strooi eet soos 'n bees****, en stof sal die voedsel van Nagash wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig in die hele Berg van My Apartheid nie, sê JaHWeH.*

## 22 Februarie 2020 - Lesing 8 - Toestand voor die einde / oorgang na die Nuwe Aarde

**Aanhalings uit die Groot Johannes Evangelie Boek 6,**

**Hoofstuk 207 [11]** Die meer as hoogmoedige slanggebroedsel (Fariseërs van die Tempel) sal hulle mettertyd in hulle blindheid en magswaan bo die Romeine verhef en hulle uit die land wil verdrywe. En dit sal hulle einde wees. Die veldheer, en later tewens keiser, is al gebore wat hierdie stad en haar volk die genadeslag sal gee.

[12] **En teen die einde van die tyd van hierdie aardse bevolking** - en dus nie van hierdie aarde nie - sal dit presies so gaan: Die mense sal in die tyd weliswaar geen berge tot hulle diepste fondamente afgrawe nie, soos wat die goud en edelstene soekende Hanogiete dit gedoen het nie, ook sal hulle geen Romeine meer teen hulle die harnas in kan jaag nie; maar hulle sal deur allerlei masjiene, **deur die krag van vuuraan-drywing,** begin om via ongelooflike diep skagte en gate in die binneste van die aarde te dring, waardeur baie brandbare gasse in groot massas na die oppervlakte van die aarde sal kom. En as die atmosfeer te veel met sulke gasse versadig sal word, sal dit bykans rondom die hele aarde ontvlam en alles tot as verbrand.

Slegs min mense sal daarby in die lewe bly. Maar wat sal oorbly, sal dan ook **egte mense** wees. Hulle sal dan werklik `n **hele hernieude aarde** bewoon, en julle en baie wat na julle toe sal kom en in My Naam gewek sal word, sal hulle leraars en leiers wees.

[13] Eers dan sal **My ryk**, wat heeltemal oor hierdie aarde uitgebrei sal wees, **tot stand kom**, en die mense van die son sal met My kinders van hierdie hernude aarde, `n volledige gelykberegtigde gemeenskap vorm en opgroei in die liefde van My ware kinders.

**GJE Boek 8:48** [3] Julle moet daarby egter nie dink dat hierdie natuurlike aarde dan sou vergaan en in `n nuwe verander word nie, maar slegs die mense sal, deurdat hulle die **Elohimdelike Waarheid** volkome in hulle hart opgeneem het, as ware broeders en susters in My Naam met mekaar **`n nuwe geestelike aarde skep.**

[4] Dan sal Ek self op hierdie nuwe aarde wees en heers onder hulle wat Myne is, en hulle sal met My omgaan en My nooit meer uit die oog verloor nie.

[5] Maar kyk nou intussen ook na die ou aarde! Sien hoe daar uit die nuwe aarde, in steeds digter strome, ligte na benede swewe na die ou aarde, en haar so laat ontbrand dat sy lyk asof sy in vuur en vlam staan! **Daar sien julle baie dooies wat as`t ware uit hulle grafte kom en na die lig toe gaan**; sien hoe hulle ook weldra beklee word met **die kleed van die Waarheid** en vervolgens omhoog sweef na die ryk van die nuwe aarde.

[6] Maar terselfdertyd merk julle ook dat een **baie groot, duister gedeelte** hulle ook inspan om die kleed van die lig oor hulle swart kleed aan te trek, om daarvan en daarmee uit eiebelang en heerssug nogmaals `n nuwe antichristelike heidendom te maak; maar Ek self laat My toorn, dit wil sê die Vuur van My Waarheid, oor hulle losbreek, en **My engele van die nuwe aarde** stort hulle as`t ware met vlammende swaarde op hulle en jaag elke verdere duistere poging op die vlug en in die afgrond van algehele vernietiging in.

[7] **Dit is dan die allerlaaste en grootste oordeel, so `n duisend jaar later**. Die tyd sal **<u>My Duisendjarige Ryk</u>** op aarde genoem word, wat deur die allerlaaste oordeel nog eenmaal vir `n baie kort tydjie deur oorlog onderbreek sal word; maar die oorwinning sal vinnig en **vir alle toekomstige tye volkome wees**. Van dan af sal die hemele en die aarde tot één herder en één kudde word. **Die Herder sal, soos ook altyd, Ek wees**, en die kudde sal die mense op aarde vorm, volledig verenig met die saliges in My hemele.

[8] Hierdie laasgenoemde sal naamlik weer, net soos dit ook in die oertyd van die mens op hierdie aarde was, **sigbaar met die mens op aarde omgaan**. Maar voordat dit sal gebeur, sal ook die natuurlike aarde baie ingrypende veranderinge ondergaan. Groot lande en ryke, wat nou nog deur die groot en diep see bedek word, **sal as baie vrugbare bodem opgehef** word, en **baie hoë berge sal verlaag word**; hulle afgebrokkelde toppe sal baie diepe klowe en dale opvul en vrugbare land vorm.

[9] Aangesien die mens in die tyd geen aardse en verganklike skatte meer sal begeer en najaag nie, sal daar ook **honderdduisend maal soveel mense as nou** baie goed voorsien en gelukkig op aarde kan lewe.

*(As daar destyds, 2000jr gelede net 10 milj mense op aarde was, dan is dit 1 triljoen mense)*

Tegelyk sal ook in die tyd, **alle nare siektes** wat die vlees geweldig kwel, **van die aarde verdwyn**. Die mens sal blymoedig `n hoë leeftyd bereik en baie goed kan doen, en niemand sal bang wees vir die dood van die liggaam nie, omdat hy met `n heldere blik die ewige lewe van die siel voor hom sal sien.

[10] By die verrig van goeie werke sal dit in die tyd hoofsaaklik daarom gaan dat die **kinders op die korrekte manier opgevoed word** en dat die een wat sterk is, die fisieke swakkere oues sal ondersteun, soveel hy maar kan.

[11] Daar sal op die nuwe, gelukkige aarde ook **huwelike** gesluit word, maar ook soos dit in die hemel gebeur, **volgens My orde**, en daar sal ook groot aantalle kinders verwek word, maar nie langs die weg van suiwer wellus nie, **maar langs die weg van die ware liefdeserns,** en dit tot aan die einde van alle tye van hierdie aarde.

[12] Hier het julle nou `n getroue beeld van **die laaste oordeel oor alle heidene op die hele aarde**, wat julle ook baie maklik en goed kan begryp!"

### Nr 1 - 09.12.2015 om 10h30 (Aan Wendy gedikteer)

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die wie nie na My gaan kom voor die Tye van Toetsing gaan begin nie, sal swaar gebuk gaan en verward en alleen voel. Die tye vir verfrissing is amper verby. Kom na My toe, Ek wil julle juk op My neem. Die dae gaan kom waar alles donker gaan wees, die Lig in julle sal die pad aanwys. Helder Reën sal val op hulle wie naby aan My is. Verward sal hulle wees wat vêr van My af is.

**Konstantinopel (Istanbul) sal val, kyk uit! Die vlae sal daaroor heengaan; geweld, storms van woede**. Deur hierdie daling gaan julle weet dat die tyd aangebreek het. Moenie skrik of bekommerd wees nie, My kleintjies. Dit is tyd vir die Lig om te begin skyn, die duisternis sal julle nie oorwin nie!

**Die wawiel het begin draai**. Die vorme van beskadiging sal uitbrei, moet nie beklemd voel nie, dit is hoe dit moet wees. Die winter is verby. Hou vas aan My, jy sal nie beskaamd staan nie. Hoe heerlik gaan dit wees om julle te sien, van aangesig tot aangesig. Groot is die gejuig, want die tyd het aangebreek!"

Amein